

# TUSSENTYDSE VERSLAG

## en dividendverklaring vir die ses maande geëindig 31 Maart 2008

Die ongeouditeerde resultate van die groep vir die ses maande geëindig 31 Maart 2008 word hierin uiteengesit.

Hierdie verslag is opgestel ooreenkomstig Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFVS) van toepassing op Tussentydse Finansiële Verslagdoening (IRS 34) en in ooreenstemming met die beginsels wat in die mees onlangs gepubliseerde finansiële jaarstate toegepas is.

### KOMMENTAAR

#### Finansiële resultate

Inkomste vir die ses maande geëindig 31 Maart 2008 het met 15% toegeneem, vergeleke met die eerste helfte van die vorige jaar, en bedryfswins voor abnormale items met 55%. Die vernaamste bydraende faktore tot die verbeterde marges was groter verkope van ingemaakte vis, verbeterde uitvoerrealisasies, en hoër koelbewaringsbesetvlakke.

Wesensverdiens te per aandeel vir die ses maande het met 63% toegeneem en verdienste per aandeel met 48%. Die differensiaal tussen die toename in wesensverdiens te per aandeel en verdienste per aandeel is hoofsaaklik toeskryfbaar aan die insluiting van die wins met die verkoop van die perlomoen-sakeonderneming in die vorige jaar.

Die geweege gemiddelde getal uitgerekte aandele is verminder deur die spesifieke terugkoop van 2,6 miljoen aandele. Dit het bygedra tot hoër verdienste op 'n per-aandeel-grondslag.

'n Tussentydse dividend van 26 sent per aandeel is verklaar (2007: 19 sent per aandeel).

#### Bedryfsorsig

##### Kusvisserij

Die totale toelaatbare vangs (TTV) vir sardyne in 2008 is 90 776 ton (2007: 162 436 ton). Tot op hede was sardynvangste teleurstellend en hoewel opbrengste goed was, was die produksie van ingemaakte vis heelwat laer as die vorige jaar se vlakke. Die Namibiese sardyn TTV was onlangs aangekondig teen 15 000 ton (2007: 15 000 ton) en vangste behoort later hierdie maand voorgesit te word.

Verkoopsvolumes ingemaakte vis het hoofsaaklik toegeneem as gevolg van aansienlike hoeveelhede ingevoerde produk asook voorraad wat uit die vorige visvangseisoen in Namibië, oorgepra is. Hoewel daar steeds 'n aanbodtekort aan ingemaakte vis in die plaaslike mark is, het Lucky Star se markaandeel merkbaar herstel as gevolg van invoere.

Marges het by Glenryck UK verbeter as gevolg van goeie verkope van ingemaakte sardyn- en salmprodukte.

Oorkoepelend het ingemaakte vis 'n bevredigende wins gemaak in vergelyking met dieselfde tydperk verlede jaar.

Vismeelbedrywighede het 'n verlies vir die ses maande opgeteken as gevolg van laer uitvoer-verkoopspryse en hoër produksiekoste wat deur stygende energiepryse aangetas is. Rooioog-haringvangste was hoër maar verminderde sardyn inmaakafval het tot gevolg gehad dat oorkoepelende produksievolumes met die vergelykende tydperk ooreengestem het. Die ansojvis-TTV vir die A-seisoen in 2008 is 247 500 ton (2007: 386 942 ton), wat meestal in die wintermaande gevang word.

Die TTV vir wesuskreef is tot 2 571 ton (2007: 2 856 ton) verlaag. Die kwota tot beskikking van Oceana beloop 374 ton (2007 werklike vangs: 550 ton). In sommige gebiede was kreefvangkoerse laer as die vorige jaar, wat tot hoër produksiekoste per eenheid gelei het. Verkoopsvolumes het met

### VERKORTE GROEPINKOMSTESTAAT

	Aant.	Ongeouditeer ses maande geëindig 31 Maart		Verandering %	Geouditeer
		2008 R'000	2007 R'000		jaar geëindig 30 Sept 2007 R'000
<b>Inkomste</b>		<b>1 303 241</b>	1 136 345	15	2 608 894
<b>Bedryfswins voor abnormale items</b>		<b>102 770</b>	66 312	55	236 723
Abnormale items	1	(497)	2 962		2 549
Bedryfswins		<b>102 273</b>	69 274	48	239 272
Dividende ontvang en opgeloopt		<b>9 075</b>	7 816		15 922
Netto rente ontvang		<b>5 903</b>	5 334		11 181
<b>Wins voor belasting</b>		<b>117 251</b>	82 424	42	266 375
Belasting		<b>39 989</b>	27 091	48	85 869
<b>Wins na belasting</b>		<b>77 262</b>	55 333	40	180 506

<b>Toeskryfbaar aan:</b>					
		2008 R'000	2007 R'000	Verandering %	Geouditeer jaar geëindig 30 Sept 2007 R'000
Aandeelhouders van Oceana Group Beperk		<b>74 749</b>	51 564	45	168 805
Buite-aandeelhouders in filiale		<b>2 513</b>	3 769	(33)	11 701
		<b>77 262</b>	55 333	40	180 506

Geweege gemiddelde getal aandele waarop verdienste per aandeel gegrond word (000'e)

	2008 R'000	2007 R'000	Verandering %	Geouditeer jaar geëindig 30 Sept 2007 R'000
Aangepaste geweege gemiddelde getal aandele waarop verwaterde verdienste per aandeel gegrond word (000'e)	<b>99 623</b>	100 921		101 017
<b>Verdiens te per aandeel (sent)</b>				
Basies	<b>75.7</b>	51.2	48	167.4
Verwater	<b>75.0</b>	51.1	47	167.1
<b>Dividende per aandeel (sent)</b>	<b>26.0</b>	19.0	37	106.0


<b>Wesensverdiens te per aandeel (sent)</b>					
	2008 R'000	2007 R'000	Verandering %	Geouditeer jaar geëindig 30 Sept 2007 R'000	
Basies	<b>76.2</b>	46.7	63	162.4	
Verwater	<b>75.5</b>	46.6	62	162.2	

### VERKORTE GROEPBALANSSTAAT


	Ongeouditeer 31 Maart		Geouditeer 30 Sept	
	2008 R'000	2007 R'000	2007 R'000	R'000
<b>Bates</b>				
Nie-bedryfsbates	<b>462 802</b>	490 911	460 724	
Eiendom, masjinerie en toerusting	<b>262 731</b>	299 820	273 413	
Klandisiewaarde	<b>25 525</b>	22 434	22 830	
Visvangregte en handelsmerke	<b>36 167</b>	36 015	32 682	
Uitgestelde belasting	<b>9 340</b>	13 174	10 438	
Beleggings en lenings	<b>129 039</b>	119 468	121 361	
Bedryfsbates	<b>831 510</b>	765 065	1 041 655	
Voorraad	<b>294 782</b>	249 738	312 470	
Rekenings ontvangbaar	<b>386 469</b>	352 905	412 073	
Nie-bedryfsbates gehou vir verkoop		1 100	602	
Kontant en kontantekwivalente	<b>150 259</b>	161 322	316 510	
<b>Totale bates</b>	<b>1 294 312</b>	1 255 976	1 502 379	

<b>Ekwiteit en laste</b>					
Kapitaal en reserwes					
	2008 R'000	2007 R'000	Verandering %	Geouditeer jaar geëindig 30 Sept 2007 R'000	
Aandelekapitaal en -premie	<b>98</b>	138		4 267	
Valuta-omrekeningsreserwe	<b>40 665</b>	24 441		25 350	
Verskansingsreserwe – valutatermykontrakte	<b>6 734</b>				
Aandelegebaseerde betalingsreserwe	<b>20 966</b>	13 920		16 818	
Kapitaalbelgingsreserwe	<b>130</b>	90		130	
Uitkeerbare reserwes	<b>774 685</b>	726 805		824 938	
Belang van eie aandeelhouders	<b>843 278</b>	765 394		871 503	
Belang van buite-aandeelhouders	<b>23 881</b>	26 039		34 019	
Totale ekwiteit	<b>867 159</b>	791 433		905 522	
Nie-bedryfslaste	<b>40 304</b>	33 119		39 584	
Aanspreeklikheid vir aandeel gebaseerde betalings	<b>9 116</b>	2 517		6 999	
Uitgestelde belasting	<b>31 188</b>	30 602		32 585	
Bedryfslaste	<b>386 849</b>	431 424		557 273	
Rekenings betaalbaar en voorsienings	<b>343 418</b>	368 356		459 132	
Bankoortrekkings	<b>43 431</b>	63 068		98 141	
<b>Totale ekwiteit en laste</b>	<b>1 294 312</b>	1 255 976		1 502 379	

<b>Getal uitgerekte aandele na aftrekking van tesourieaandele (000'e)</b>					
	2008 R'000	2007 R'000	Verandering %	Geouditeer jaar geëindig 30 Sept 2007 R'000	
Netto batewaarde per gewoneaandeel (sent)	<b>859</b>	766		869	
Totale laste uitgesonderd uitgestelde belasting: Totale ekwiteit (%)	<b>46</b>	55		62	
Totale lenings: Belang van eie aandeelhouders (%)	<b>5</b>	8		11	



### WESENSVERDIENS TE PER AANDEEL STYG MET 63%



### DIVIDENS TE PER AANDEEL STYG MET 37%

die vorige jaar ooreengestem. Hoër uitvoerpryse en die voordeel van 'n swakker wisselkoers het tot verbeterde winsgewendheid gelei.

Tjokkavangste deur eie vaartuie was hoër as dié van verlede jaar, maar volumes wat op 'n agentskaps-grondslag gehanteer is, was laer. Markpryse was hoër in euro en rand terme met gevolglike hoër bedryfswins te.

##### Oopsee- en diepseevisserij

Marsbankervangste in Namibië was heelwat laer as die vorige jaar as gevolg van die niebeskikbaarheid van huurvaartuie weens hulle langdurige inbeslagneming deur die Ministerie van Visserie en Marienehulpbronne. Vaartuigkoste per ton vis gevang het toegeneem, aangedryf deur hoër brandstofpryse, arbeidskoste en onderbroke vaarte, terwyl verkoopspryse gestyg het omdat laer volumes uit Namibië beskikbaar was. In Suid-Afrika het Oceana se oopsee-reisler weer goed gepresteer en die uitvoermark het stewig gebly. Marsbankervolumes wat van eksterne vlote verkry is, het aansienlik toegeneem en goeie marges is gerealiseer.

Oorkoepelend was bedryfswins uit marsbankervangste hoër as verlede jaar.

'n Ooreenkoms is gesluit vir die koop van 'n bykomende oopsee-reisler. Die investering, insluitende opknappingskoste, bedra R67 miljoen. Die vaartuig sal in Namibië gestasioneer wees en daar word verwag dat dit nader aan die einde van die finansiële jaar in bedryf sal wees.

Die resultate van die stokvisbedrywighede het 'n verbetering getoon, hoofsaaklik as gevolg van hoër pryse en die randwisselkoers.

Die tuna-sakeonderneming is met ingang van 27 Januarie 2008 verkoop.

##### Koelbewaring

Die koelbewaringsafdeling het baie hoër besetkoerse in die meeste pakhuisse, insluitende dié wat onlangs uitgebou is, ondervind en hanteringsaktiwiteitsvlakke het met die vergelykende tydperk ooreengestem. Bedryfswins het aansienlik toegeneem.

#### Direksie

Op 7 Februarie 2008 het mnr N Dennis uit die direksie bedank.

#### Vooruitsigte

Wesensverdiens te vir die volle jaar sal na verwagting dié van verlede jaar oorskry, alhoewel verdienste in die tweede helfte teen 'n laer koers as dié van die eerste helfte sal groei.

Namens die direksie

#### MA Brey

Voorsitter

8 Mei 2008

#### AB Marshall

Hoof uitvoerende beampte

### VERKORTE GROEPSTAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

	Ongeouditeer ses maande geëindig 31 Maart		Geouditeer jaar geëindig 30 Sept	
	2008 R'000	2007 R'000	2007 R'000	R'000
Saldo aan die begin van die tydperk	<b>905 522</b>	818 830	818 830	
Aandele uitgerek	<b>8 576</b>	11 893	16 087	
Toename in tesourieaandele	<b>(52 280)</b>	(36 740)	(36 805)	
Beweging op valuta-omrekeningsreserwe	<b>15 315</b>	1 423	2 332	
Wins op kontantvloekanses	<b>6 734</b>			
Erkenning van aandeelgebaseerde betalings	<b>4 148</b>	2 688	5 634	
Wins na belasting	<b>77 262</b>	55 333	180 506	
Verlies met verkoop van tesourieaandele	<b>(25)</b>	(26)	(46)	
Dividende verklaar	<b>(98 093)</b>	(61 968)	(81 016)	
Saldo aan die einde van die tydperk	<b>867 159</b>	791 433	905 522	

<b>Bestaande uit:</b>					
	2008 R'000	2007 R'000	Verandering %	Geouditeer jaar geëindig 30 Sept 2007 R'000	
Aandelekapitaal en -premie	<b>98</b>	138		4 267	
Valuta-omrekeningsreserwe	<b>40 665</b>	24 441		25 350	
Verskansingsreserwe – valutatermykontrakte	<b>6 734</b>				
Aandelegebaseerde betalingsreserwe	<b>20 966</b>	13 920		16 818	
Kapitaalbelgingsreserwe	<b>130</b>	90		130	
Uitkeerbare reserwes	<b>774 685</b>	726 805		824 938	
Buite-aandeelhoudersbelang	<b>23 881</b>	26 039		34 019	
<b>Totaal</b>	<b>867 159</b>	791 433		905 522	

### VERKORTE GROEPKONTANTVLOEISTAAT

	Ongeouditeer ses maande geëindig 31 Maart		Geouditeer jaar geëindig 30 Sept	
	2008 R'000	2007 R'000	2007 R'000	R'000

<b>Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite</b>			
Bedryfswins voor abnormale items	<b>102 770</b>	66 312	236 723
Aanpassing met niekontant-items	<b>34 650</b>	33 328	78 423
<b>Bedryfskontantvloei voor bedryfskapitaal-veranderings</b>	<b>137 420</b>	99 640	315 146
Bedryfskapitaalveranderings	<b>(71 991)</b>	(20 739)	(44 475)
<b>Kontant uit bedrywighede gegeneer</b>	<b>65 429</b>	78 901	270 671
Rente en dividende ontvang	<b>11 529</b>	11 118	24 472
Rente betaal	<b>(2 990)</b>	(3 167)	(8 675)
Belasting betaal	<b>(50 693)</b>	(33 167)	(74 378)
Dividende betaal	<b>(98 093)</b>	(64 080)	(83 128)
<b>Netto kontant(uit)vloei/invloei uit bedryfsaktiwiteite</b>	<b>(74 818)</b>	(10 395)	128 962
<b>Kontantinvloei/(uit)vloei uit beleggingsaktiwiteite</b>	<b>3 268</b>	5 330	(700)
Kapitaalbesteding	<b>(17 745)</b>	(13 792)	(28 041)
Opbrengs met verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting	<b>57</b>	1 236	1 854
Netto beweging op lenings en voorskotte	<b>(1 238)</b>	5 708	14 291
Verkoop van sakeondernemings	<b>22 194</b>	7 830	7 830
Verkoop van visvangregte		3 366	3 366
Kontantverwante abnormale items en ander		982	
<b>Netto kontantvloei in finansieringsaktiwiteite aangewend</b>	<b>(41 810)</b>	(22 338)	(33 286)
Opbrengs uit uitreiking van aandelekapitaal	<b>8 576</b>	11 894	16 087
Opbrengs met verkoop van tesourieaandele		27	
Verkryging van tesourieaandele	<b>(52 304)</b>	(36 794)	(36 805)
Korttermynlenings aangegaan/(terugbetaal)	<b>1 918</b>	2 535	(12 568)
<b>Netto (afname)/toename in kontant en kontantekwivalente</b>	<b>(113 360)</b>	(27 403)	94 976
<b>Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk</b>	<b>218 369</b>	126 721	126 721
<b>Uitwerking van wisselkoersveranderings</b>	<b>1 819</b>	(1 064)	(3 328)
<b>Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk</b>	<b>106 828</b>	98 254	218 369

### DIVIDENDVERKLARING

Kennis geskied hiermee dat 'n tussentydse dividend No. 129 van 26 sent per aandeel ten opsigte van die jaar eindigende 30 September 2008 op Donderdag, 8 Mei 2008, verklaar is. Die toepasslike datums is die volgende:

Laaste dag vir verhandeling met dividend	– Vrydag, 27 Junie 2008
Handel sonder dividend neem 'n aanvang	– Maandag, 30 Junie 2008